

## 1 Augustus - MOEDER

**Skrifgedeelte: Jesaja 66:10-14**

**Fokusgedeelte: Jesaja 66: 13**

**W**at is jou troos in hierdie deurmekaar-lewe van ons? Wat is dit wat jou hoop en veiligheid gee om voort te gaan?

Ja, natuurlik kan dit help as die sonde en die geweld en onsekerheid verdryf word, en ons hele samelewing rustig word. Dit is egter net tydelik. Dit is nie die ware troos nie. Die ware troos is dat God sy kinders veilig laat voel, soos 'n moeder haar kind veilig laat voel.

Dit is hoe Jesaja die eindtyd beskryf, wat die Here bring. Daarvoor gebruik hy die menslike beeld van hoe 'n moeder met al haar toewyding haar kind versorg, dra en veilig hou. Dit is 'n vae afskynsel van hoe God sy kind dra en veilig hou.

- Nou is dit nie die onrus van die tyd wat alles in die lewe oorneem nie, maar God wat in sy grootheid en genade sy kinders aan sy bors dra en hulle vertroetel.

- Nou is dit die Here wat sy kind laat deel in sy oorvloed en genietinge. Deur al die moeilike dae van onrus en beproewinge vergeet God nie sy kind nie (Jes 49:15, 16), maar dra hom deur die lewe om deel te wees van die nuwe Jerusalem. God laat sy kind veilig voel in Jerusalem, soos kinders veilig voel by hulle moeder, met die sekere wete dat sy verstaan en alles vir hulle sal opoffer. Hulle kan nou deel in die nuwe lewe.

Paulus gebruik in Galasiërs 4:26 'n ou, bekende Joodse uitspraak, naamlik "Jerusalem is ons moeder". Die mense wat waarlik uit die verlossing van Jesus Christus leef, het deel aan die heerlike versorging van God, soos van 'n moeder. Ons is deel van die nuwe, geestelike Jerusalem. Ons leef uit haar voorregte. As kerk het ons die rykdom van die Woord, die inspirasie van die Gees en die meeleving van broeders en susters om sterk te kan staan in hierdie lewe.

- Is jy in alles 'n lewende lidmaat van hierdie volk van God?
- Leef jy elke dag jou enigste troos uit dat jy in alles aan jou Saligmaker, Jesus Christus, behoort?
- Leef jy met die dankbaarheid en oorgegewenheid en gehoorsaamheid soos wat 'n kind aan sy moeder verskuldig is?

*Sing: Psalm 22:4 (1936-beryming)*

*Ds RG Aucamp (Middelburg, Karoo)*